



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Dingetjie-dog deur Anna Emm

Dingetjie-dog is 'n snaakse dingetjie. Hy lyk so bietjie soos 'n apie en so bietjie soos 'n eekhorinkie.

Op 'n mooi dag klouter Dingetjie-dog tot hoog bo in 'n boom sodat hy ver kan sien. Maar o aarde, hy dog hy gaan sit net lekker op 'n tak, toe sit hy mis! En daar val Dingetjie-dog uit die boom! Hy land met 'n harde slag op die gras onder die boom.

"Eina, my boude!" kerm Dingetjie-dog. Sy boude is so seer van die val dat hy sommer net daar bly lê. Hy wag vir iemand om hom op te help.

Nie te lank nie, toe sien hy 'n baie groot ding met lang, dun bene hier langs hom in die bos staan. Dingetjie-dog dog dis Kameelperd, maar eintlik is die boom waaruit hy nou net geval het.

"Ag, help my bietjie, Kameelperd!" roep Dingetjie-dog, maar die boom sê niks en hy help nie. "Simpel Kameelperd," brom Dingetjie-dog. "Ek vra jou niks weer nie."

Dingetjie-dog kyk rond en sien 'n yslike vet ding hier anderkant hom staan. Hy dog dis ou Olifant met sy dik lyf, maar eintlik is dit net 'n klip.

"Joe-hoe, Olifant!" roep Dingetjie-dog. "Help my tog op, man?" Maar die klip sê niks en hy help ook nie. "Wat 'n simpel dier," brom Dingetjie-dog vieserig. "Ek vra jou niks weer nie."

Dingetjie-dog se boude is nou ook nie meer so seer nie, en hy besluit om maar liever self op te staan. Met 'n kreun en 'n steun kom hy orent. Die windjie waar deur die bos, en dit wieg die lang gras heen en weer, heen en weer. Dingetjie-dog dog dis sy vriende, die muishonde, wat so voor hom staan en wieg. Hy sê: "Raai bietjie wat het met my gebeur? Ek het geval daar bo uit die boom uit, en niemand wou my help nie. Olifant en Kameelperd het nie eens na my kant toe geloer nie! Ek praat nooit weer met hulle nie."

Die wind sing-sing deur die lang gras: "Sjoe-sjoe-sjoeeee-lie... Sjoe-sjoe-sjaaaa-lie..." sing die wind. Maar Dingetjie-dog dog die dis die muishonde wat sê: "Dis nie so nie. Dis nie waar nie. Dit was nie Olifant en Kameelperd nie."


"Haai, regtig?" vra Dingetjie-dog vir die lang gras. "Maar ek is bly jy sê my nou. Ek kan nie so lekker sien nie, jy weet. As dit nie Olifant en Kameelperd was nie, was dit seker twee ander diere. So amper-amper was hier nou 'n groot misverstand. Tot siens, my vriende!"

En met die wip Dingetjie-dog in die paadjie af. Hy soek na 'n lekker groot boom om te klim.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Dingetje-dog illustrasie deur Anna Emm



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za